Vooraf sang
Ps 18 – 2 : 1,7,8
Sb 14 – 2: 1
nuwe Sb “Getsemané” vers 1 en 2. (Mel Lied 387)

Ontmoetingsdiens
Intreelied en votum Ps. 19 – 1: 7
Seën
Loflied Ps. 33 – 1: 5,6,10,11
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing **:** Ester 2: 1 - 18
Teks: 15 - 17
Sing nuwe Sb “My enigste troos” verse 1,2,4,5 (mel ps 100)
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (Jes 49)
Sing Ps. 37 – 1: 21,22,23,24,25 (mel ps 45)
Seën
Amen Sb 13 -2.

Tema: Vertrou dat God sy plan met jou uitvoer ten spyte van die hartseerpad wat jy moet loop.

Geliefde brs. En srs en kinders

Daar kom tye in ‘n mens se lewe wat jy nie God se plan met jou verstaan nie. Dat jy geen oorsaak of doel kan sien met die gebeure in jou lewe nie. Miskien word daar namens jou groot besluite geneem wat jou lewe dramaties beïnvloed. Dalk het daar iets teen jou sin gebeur wat jou gesinslewe aan skerwe laat lê en jy moet baie daaronder lei. In jou werksomstandighede is daar dalk mense wat jou te na kom ten spyte van die feit dat jy probeer om reg op te tree. Dalk is jy het op skool ‘n goeie maat en hy of sy verraai julle vriendskap en praat agter jou reg sleg van jou.

Ja, geliefdes, ‘n mens beland soms in situasies waarvoor jy nie gevra het nie en wat jy nie self voor verantwoordelik is nie. Soms gebeur daar eenvoudig net dinge in jou lewe wat jou meesleur en wat jou baie hartseer en leed besorg.

En as jy dan met die Here daaroor worstel dan sien jy geen sin of doel daarmee nie. Veral as die Here een of ander diep beproewing of versoeking op jou pad toelaat. Wanneer jy op sulke paaie gelei word dan is die versoeking daar dat jy dalk kan besluit “om maar jou eie ding te doen” want dit lyk asof God jou verlaat het of teen jou gedraai het. Dat jy dan maar aan die versoeking toegee want dit lyk in elk geval of God nie rêrig omgee nie.

Brs en srs en kinders, dit is in sulke tye en omstandighede dat die Here vir ons sê: **Vertrou dat God sy goeie plan met jou lewe deurvoer ten spyte van die hartseerpad wat jy moet loop en bly gehoorsaam. M**oenie twyfel aan die Here se wysheid, sy voorsienigheid en sy liefde vir jou nie al moet jy nou baie swaar kry. Moenie toelaat dat jou swaarkry jou laat struikel nie – bly gehoorsaam aan die Here.

Brs en srs, ons het verlede Sondagaand gesien hoe die Here oor alles in hierdie wêreld regeer ten spyte van sy oënskynlike afwesigheid en dat ons sy planne moet vertrou. Hoe hy groot en magtige konings se swakheid ontbloot en sy krag toon. Vandag neem ons hierdie tema verder, maar dit raak **nou baie meer persoonlik**, want die Here se onbegryplik planne raak nou die lewe van twee mense baie ingrypend. **Mordegai en Ester word betrek by ‘n heidense wêreld waar hulle aan beproewing en versoekinge blootgestel word ten koste van baie persoonlike pyn en hartseer. Maar ons sien ook hoe die Here voorsien en hulle vashou sodat hulle steeds in die geloof kan optree. Uiteindelik verander die Here hierdie hartseerpad in ‘n vreugdepad sodat hulle vir Hom diensbaar kan wees.**

Koning Ahasveros mis sy vrou Vasti wat hy in sy dronkenskap weggejaag het. Weereens word die persoonlike swakheid van die magtige koning geopenbaar want sy raadgewers moet die planne maak om weer vir hom ‘n vrou te kry. En die plan wat hulle maak is dat ‘n wet aangekondig word en wat elke mooi meisie in sy ryk verplig om deel te neem aan ‘n skoonheidskompetisie sodat die koning vir hom die mooiste meisie as vrou kan kies. Hierdie meisies is eenvoudig deur amptenare uitgekies en verplig om in die koning se harem te gaan bly sodat hulle aan die proses kan deelneem. Dit was eintlik niks minder as menseroof nie.

Ester was ook een van hierdie meisies. Volgens vers 7 van die 1933 vertaling was sy mooi gebou en het sy baie mooi gelaatstrekke gehad. Dit was onvermydelik dat sy ook opgekommandeer sou word om vir een jaar lank skoonheidsbehandeling te ontvang sodat sy die koning kon beïndruk.

Br. en sr. hierdie verloop van sake waarin Ester teen haar wil in geplaas word, het vir haar baie pyn veroorsaak. Haar worsteling kan nog beter verstaan word as mens na haar **omstandighede kyk**. Sy was 'n weeskind in 'n vreemde land tussen vreemde mense wat heeltemal anders gedoen en geglo het as sy. Sy kry 'n Persiese naam wat in verband staan met een van die Babiloniese godinne. In vandag se taal sou 'n mens dit kon vergelyk met 'n situasie waarin mense jou as gelowige elke dag 'n Moslem noem. Wat 'n belediging vir die gelowige.

En hier word sy, as gelowige, onderwerp aan 'n proses wat van haar gaan vereis om die sewende gebod te oortree. Sy sal as maagd saam met die koning moet slaap. Dit was deel van die beoordelingsproses – en sy het geen keuse nie. As vrou in 'n land waar daar van vrouens niks gedink was nie, **was haar lewe van hierdie proses afhanklik.**

Ja, die Here se planne is baie keer baie duister vir ons as sy kinders!!! Hoe moes Ester nie hiermee geworstel het nie? Hoe worstel ons nie dikwels daarmee nie. Dat ons geen begrip het wat die Here besig is om met my te doen nie. Dat ek nie die plan met my beproewing of versoeking of die besluite in my lewe verstaan nie. Dat jy uiteindelik maar net kan vra: Maar, Here, waarom? Hoekom laat u sulke dinge in my lewe toe! Dit kan tog nie wees dat U my liefhet en sulke dinge toelaat nie? Dis teen my sin, ek wil dit nie hê nie en nogtans onderwerp u my daaraan!!

Geliefdes, dis dan wanneer ons ons Vader werklik moet vertrou. Dis dan dat ons moet glo dat sy plan met my lewe wel 'n goeie plan is en dat dit vir my ten goede gaan wees. En dis in sulke omstandighede dat die **Here se Woord** vir ons 'n bron van inspirasie en geloof is want hier kan ons sien en lees van hoe die Here met sy kinders sulke paaie loop en tog uiteindelik vir hulle die lig laat sien. Wanneer 'n mens die hele verhaal van Ester lees dan sien 'n mens **hoe die Here hulle slegte omstandighede verander en hulle dra**. En **daarom kan ons moed skep en weet: die Here handel net so met ons!!** Ons moet nie net soek na die rede vir sy optrede nie, **maar ons moet juis ook soek na sy liefde terwyl Hy so met ons handel.**

Want kyk hoe het die Here vir Ester gesorg en haar vasgehou op hierdie hartseer-pad. Hy stuur iemand in haar lewe om haar te ondersteun. Haar oom Mordegai. 'n Liefdevolle en verantwoordelike mens met wysheid wat haar met goeie raad bystaan en deur dik en dun by haar staan. Hy ontferm hom oor haar en neem haar as sy eie dogter aan. **Watter wonderlike genade van die Here! En toe hierdie situasie haar tref gee Mordegai vir haar goeie raad:** "moenie jou afkoms openbaar nie." **Moenie sê dat jy 'n Jood is nie, want die Jode was gehate mense.** Haman se optrede later staaf hierdie feit. Hierdie raad het haar lewe gered.

Maar meer nog, ons lees in vers 11: "Mordegai het elke dag voor die voorhof van die vrouekwartiere heen en weer geloop om agter te kom hoe dit met Ester gaan en wat met haar gaan gebeur" Dit skets vir ons iemand wat met deernis, omgee en liefde sy aange-nome kind bygestaan en versterk het.

Br. en sr. die Here stuur ook sulke mense in jou lewe. Mense wat op die regte tyd en in die regte omstandighede langs jou kom loop op jou hartseerpad. Wat vertroos, raadgee en omgee! Dit is God se liefde, sien dit raak!

Maar meer nog, Ons Hemelse Vader het ons ook in ons ellende raakgesien. Vanweë die sonde was ons ook wees gelaat **maar God neem ons in Jesus Christus aan as sy kinders**.

Ons word God se eie kinders en daarom weet ons dat God sy plan werklik vir ons ten beste sal bestuur. Ons is nie vreemdelinge vir God nie. Hy handel nie met ons sommer so terloops nie. Nee, ons is sy eie kinders – Hy gee vir ons om en sy plan sal jou nooit verwoes nie. God mors nooit met die lewe van sy kinders nie – Hy stuur en lei dit ten goede. .

Ons troos is: al verstaan ons nie waarheen die pad lei nie, ons weet ons is nooit alleen op daardie pad nie, Jesus is by ons. **Jesus Christus gee sy Gees in jou hart, Hy gee geloof en volharding, Hy gee hoop, sodat jy die pad kan loop.** Die uiteinde ken ons nie, maar dat ons in Christus se krag daar sal kom, dit weet ons en dit gee ons krag.

Veral krag om ook gehoorsaam te bly te midde van versoekinge. Br. en sr. Ester moes noodgedwonge 'n sonde begaan, maar sy het dit met waardigheid gedoen. Dit was nie haar eie besluit en keuse nie, sy moes twv oorlewing. Vers 15 teken 'n vrou wat nie die geleenheid misbruik om verder te sondig nie, maar wat haar alleen op die Here verlaat. **Sy vra vir die hartseernag niks meer as wat vir haar gegee is nie. Sy fokus nie op die uiterlike skoonheid wat die oomblik bepaal nie, maar haar geloof in God.**

En dit br. en sr, spreek hard tot ons. Dat ons nooit in enige gegewe omstandigheid die geleentheid mag gebruik om moedswillig te sondig nie. En selfs as ons geen keuse het nie, is dit met gelowige ootmoed en berou. Want alleen dan sal ons in God se oê genade vind**. Te midde van watter beproewing of versoeking. Bly gehoorsaam aan die Here.**

Want dan sal die Here jou omstandighede vir jou ten goede gebruik. In hierdie geval word Ester gekies as koningin en sy kom in 'n posisie waar God haar nog vorentoe baie spesiaal gaan gebruik. **Die Here verander egter nie altyd ons omstandighede nie, maar soos vir Ester verander Hy ons hart dat ons ons omstandighede kan hanteer.**

En daarom geliefdes, al verstaan u niks van God se goeie plan vir u lewe nie, al loop u 'n hartseer pad, weet jy is nie alleen nie, die Here sal vir jou voorsien. Hy voorsien mense, Hy gee genade, geloof en krag. Hy maak jou sterk sodat jy nie hoef te sondig nie, maar sy wil kan doen.

Loop daarom jou pad, vertrou die Here – Hy weet rerig wat Hy besig is om te doen – ook met jou,

Amen